## HOOFSTUK 19 DIE OPVOEDING AS SODANIG

1. Inleiding. Enige wetenskap moet, om sy naam werd te wees, sy veld sistematies benader. In hierdie sistematiese benadering moet die veld afgebaken word, die doel van die werk vasgestel word, die metode van die werk bepaal word, die materiaal waarmee gewerk word ondersoek word, ens. Daarom is dit nodig dat die wetenskapsbeoefenaar vir homself sekere grondvrae moet beantwoord voordat hy doeltreffend tot werklike beoefening van die wetenskap kan voortgaan.

Bostaande geld ook vir die opvoedkunde as wetenskap. Daarom moet die opvoeder voordat hy die taak van die opvoeding wetenskaplik kan uitvoer duidelikheid hê oor die volgende grondvrae: Wat is die doel van die opvoeding? Dit is noodsaaklik dat hieromtrent helderheid verkry moet word, anders is die opvoedingsaktiwiteite rigtingloos, verbandloos en nodeloos. Die opvoedingsdoel gee rigting aan die opvoedingsaktiwiteite, dit koördineer hierdie aktiwiteite, dit noodsaak ondersoek en beplanning van die middele wat gebruik gaan word om die doel te bereik, dit verseker kontinuïteit in die aktiwiteite; kortom rondom die doel van die opvoeding word al die opvoedingsaktiwiteite gesistematiseer.

Die materiaal waarmee die opvoeder werk is die kind. Daarom is dit vir hom nodig om 'n duidelike antwoord te kan gee op die grondvraag van wat die kind is. In die eerste plek moet hy die kind ken as wordende mens en moet hy vasstel wat die kind se funksie en plek in die kosmos is. Dit gaan hier om 'n prinsipiële mensbeskouing. In die tweede plek moet hy die kind in sy ontwikkelingstadiums ondersoek sodat hy in die beplanning van die doelnastrewing binne die vermoë, bekwaamheid en aanleg van die kind kan bly. As dit nie die geval is nie, kan die funksie van die opvoeding nie vervul word nie.

In hierdie doelnastrewing moet die opvoeder sekere middele gebruik want die opvoeding hang nie in die lug nie. Hierdie middele moet kan bydra tot onder andere die liggaamlike, verstandelike, emosionele en sedelike ontwikkeling, dit wil sê dit moet die kind se ken-, gevoels-, en strewingslewe betrek. Onder die middele neem die leerstof wat vir die kind aangebied word, 'n baie belangrike plek in. Die opvoeder moet kan antwoord op die vrae van watter leerstof op die besondere stadia geskik en noodsaaklik is, hoe hierdie leerstof gekeur, ingedeel en georden moet word sodat die leerstof as middel kan dien om die doel wat gestel word, te bereik.

'n Ander middel wat die opvoeder gebruik in sy doelnastrewing is die metode van die opvoeding. Onder metode verstaan ons hier die beheersing van die omgewing van die kind, sodat hierdie beheersing die kind so sal beïnvloed dat hy in sy aktiwiteite 'n opvoedkundige doel sal verwesenlik. Omgewing word hier in 'n baie ruimer sin gebruik as net sy onmiddelike of fisiese omgewing - dit sluit die kind se hele buitewêreld in. Onder aktiwiteite van die kind verstaan ons alles wat betrek word in sy ken-, gevoels- en strewingslewe. Die opvoedingsmetode bind die

131./ kind, die inhoud ...

kind, die inhoud en die doel in 'n opvoedingsdaad saam tot 'n eenheid sodat die opvoedingsmoontlikheid werklikheid kan word. Die metode wys dus die weg aan van moontlikheid na werklikheid. Die grondvraag hier is dan watter eise aan 'n opvoedingsmetode gestel moet word sodat dit sy funksie kan vervul.

Omdat die opvoedingsdaad van die opvoeder uitgaan, moet hy met gesag beklee word en die opvoedeling moet hierdie gesag aanvaar. Sonder hierdie gesagsverhouding is geen opvoedingsmetode moontlik nie en derhalwe ook geen opvoeding nie. Die opvoedingsmetode bewerkstellig orde in die opvoedingsaktiwiteite en aan hierdie orde moet die opvoedeling hom onderwerp. Daarom is in die opvoeding 'n verhouding van gesagsdraer-gesagsonderdaan noodsaaklik. By die versteuring van hierdie orde en by die miskenning van die gesag van die opvoeder, moet die opvoedeling aan tug onderwerp word. Dit is die verantwoordelikheid van die opvoeder. Uit bogenoemde onstaan daar 'n aantal grondvrae wat beantwoord moet word: Hoe moet die gesag van die opvoeder en die vryheid van die opvoedeling versoen word? Moet tug ordeherstellend en voorkomend of moet dit ook vormend wees? Watter vorme moet die tug aanneem? Ens.

Om sy doel te kan bereik moet die opvoeding sistematies en beplan verloop. Daarvoor is daar organisasie van die opvoedingsomstandighede nodig sodat die voortsetting van die opvoeding verseker kan word. Hierdie organisasie sluit in die daarstelling van die opvoeders wat hierdie taak kan uitvoer, die verskaffing van die middele om hierdie taak uit te voer, die beskikbaarstelling van die plek waar die opvoeding moet plaasvind en die nodige beheer oor al hierdie opvoedingsomstandighede. Die organisasie stel dan die vraagstuk wie die verantwoordelikheid hiervoor moet aanvaar en hoe hierdie verantwoordelikheid uitgevoer moet word.

Bostaande is geen volledige lys van die grondvrae nie - dit is maar net die belangrikste. Die antwoord op hierdie vrae word hoofsaaklik deur die teoretiese opvoedkunde gegee en omdat die teoretiese opvoedkunde, soos ons reeds aangetoon het, gefundeer is in die lewens- en wêreldbeskouing het ons hier met prinsipiële vrae te doen.

<u>2. Die doel van die opvoeding.</u> Elke volwassene het as mondige persoon 'n bepaalde funksie en taak wat hy moet verrig en die opvoeding moet dan die onvolwassene in sy volwassewording bekwaam tot mondigheid. Ons kan dit anders stel deur te sê dat die doel van die opvoeding op- en ingesluit lê in die doel van die lewe. "In die lewe van die mens moet gesoek word na die doel van die opvoedingsproses."[1]

In die werklike onderwys moet ons onderskei tussen verskillende tipes doelstellings. Daar is doelstellings wat in 'n kort tydsbestek verwesenlik kan word. Dit het te doen met vaardighede wat verwerf moet word, kennis wat opgedoen moet word, ens. Ons noem hierdie doelstellings nabysynde doelstellings.

'n Tweede tipe doelstelling is die waarvan die verwesenliking die resultaat van 'n lang opvoedingsproses sal wees. Ons kan byvoorbeeld

132./ noem die kweking ...

1. J. de W. Keyter: Opvoeding en Onderwys, 109.

noem die kweking van vaderlandsliefde, waarheidsliefde en dergelike gesindhede. Alhoewel hierdie doelstellings soms wesensverskillend van mekaar is, moet hulle tog in 'n eenheid saamgeweef word om werklik sin en betekenis aan die opvoeding te gee. Hierdie eenheid word verkry deur die nabysynde en verwyderde doelstellings in diens te stel van een of ander uiteindelike of finale doelstelling.

Die bepaling van die finale doelstelling is innig verbonde aan die betrokke opvoedkundige se lewens- en wêreldbeskouing en daarom moet ons verwag dat daar altyd 'n verskil sal wees in siening oor wat hierdie doelstelling moet wees.

Uit die bostaande blyk dit dus dat daar 'n hierargie doelstellings is wat almal in diens van die hoogste staan, naamlik die uiteindelike of finale doelstelling. Die verwesenliking van hierdie doelstellings volg nie 'n chronologiese volgorde nie, maar hulle word voortdurend en gelyktydig in ag geneem.

In die lig van bostaande kan ons nou nagaan welke opvoedkundige doelstellings uit Cassirer se mensbeskouing sal voortvloei.

Doelstelling sal vir Cassirer deel wees van die mens se simboliese singewing aan sy wêreld. Daarom sal die mens dit uit eie mag outonoom en outark stel, maar altyd in die lig van sy selfbevryding. Hierteenoor handhaaf ons dat in elke menslik situasie, in al die menslike verhoudings, in die mens se bestaan, in die funksies en take wat hy uitvoer, die doelstellings implisiet en soms ook eksplisiet gegee is en die mens is geroepe om hierdie doelstellings (ook in die opvoedkunde) vas te stel en te formuleer. Die mens is dan ook in sy doelstellings aan die wetsorde van God onderworpe.

Die onmiddelike of besondere doelstellings kan talloos wees want dit sal moet aanpas by tallose verskillende omstandighede. Die verwesenliking van hierdie doelstellings sal vir Cassirer niks anders wees nie as die simboliese funksie in aksie. Dit is simbole wat geskep moet word, sodat daar vir die kind betekenis aan sy sintuiglike ervaring gegee word, sodat hy vir hom sisteem en orde in sy wêreld kan skep en sodat hy deur middel van die verwesenliking van hierdie doelstellings progressief sy selfbevryding kan bewerkstellig. Hierdie onmiddelike en besondere doelstellings sal betrekking hê op die oplossing van die dualisme tussen die mundis sensibilis en die mundis entelligibilis. Die onmiddelike doelstellings sal van aard verander met die ontwikkeling van die kind - waarin hy steeds progressief losgemaak word van die sintuiglike.

In die bepaling van die besondere doelstellings neem ons ook die potensiële opvoedbaarheid van die ontwikkelende kind in ag. Die doelstellings moet egter gesien word in die lig van godgegewe potensialiteite en moontlikhede wat verwesenlik moet word. Elke opvoedingsdaad, hoe gering ookal, moet in hierdie lig beskou word.

Die verwyderde of algemene doelstellings moet ons soek in Cassirer se kultuursektore, want dit is in sy kultuur wat die mens, volgens Cassirer, sy menslheid realiseer en waar hy hom openbaar as homo symbolicum.

133./ Omdat die .....

Omdat die opvoeding as taak het om die wordende mens tot mens te vorm sal die algemene doelstellings betrekking hê op die mens se singewing en selfbevryding op die verskillende kultuurgebiede. In die godsdiens moet die kind opgevoed word tot 'n aktiewe strewe na die ideaal van reinheid van hart "the expression of a new positive ideal of human freedom"[1]. In die taal moet gestrewe word na 'n beter oriëntering en organisering van die kind se waarnemingswêreld. Die kind moet dit self verwerf en daarom sal hy 'n aktiewe aandeel in hierdie proses moet hê. In die kuns moet die kind se denke, gevoel en verbeelding in 'n besondere rigting gestuur word sodat hy daardeur 'n dieper en ander siening van die wêreld kan kry. Die geskiedenis moet die kind lei tot kennis van homself en van die mens. In die 'wetenskap' moet die doel van die opvoeding wees om die kind te lei om op die vlak van "pure meaning" te beweeg. Hierdie doelstellings wat ons afgelei het van sy kultuurbeskouing is nie die enigste algemene doelstellings wat in die onderskeie kultuursektore kan vasgestel word nie. Daar is nog baie meer en dit wat ons hier genoem het is díe wat, soos ons kan aflei, vir Cassirer die hoogste in elke sektor is. Wat ons verder ook kan aflei is dat hierdie doelstellings progressivisties gesien moet word.

Ons sien nie die algemene doelstellings in die lig van singewing en selfbevryding nie, maar in die lig van die mondigheid waartoe die kind opgevoed moet word. Hierdie doelstellings sal betrekking op al die aspekte van sy bestaan en die geleidelike verwesenliking daarvan moet die kind in staat stel om in 'n steeds toenemender mate sy van godgegewe roeping as mens volwaardig te vervul.

Die uiteindelike of finale doelstelling van die mens se lewe, van sy kultuur en ook van sy opvoeding is, soos dit duidelik van sy beskouing afgelei kan word, die volkome selfbevryde mens. Hy sal die mag hê "to build up a world of his own, an ideal world"[2] In homself sal daar 'n innerlike harmonie en eenheid wees, want die spannings sal verwyder wees en in hierdie "ideal" bestaan sal sy lewe die hoogste waarde verkry. Soos ons van Cassirer se mensbeskouing kan aflei, lê die hoogste doel van die lewe en ook van die opvoeding dus nie buite die mens nie, maar in die mens self.

Teen selfbevryding as hoogste doelstelling van die opvoeding het ons wesenlike beswaar en wel om verskillende redes. In die eerste plek verwerf die mens nie sy vryheid deur hom los te maak van die natuur nie maar juis deur daarmee in kontak te bly en dit te beheers; nie om die sin en wetmatigheid aan die natuur simbolies-funksioneel voor te skryf nie, maar om in wetsgehoorsaamheid sy roeping teenoor die natuur te vervul. In die tweede plek bevry die mens hom nie van sy spannings deur hom los te maak van die sinnelike nie, maar deurdat hy in Christus van die spanning van sy sondegebondenheid bevry word. In die derde plek lê die doel van die mens se lewe nie in homself nie, maar in die roeping wat hy as mens van God ontvang het. Ten laaste, en vir ons die belang-

134./ rikste, lê die ...

1. E.o.M., 108
2. Ibid, 228.

rikste, lê die doel van die mens se lewe, van sy bestaan, uiteindelik in die hiernamaals, waarvoor hierdie lewe en hierdie bestaan maar enkel 'n voorbereiding is. Dit is hier waar vir ons die uiteindelike doel van die mens se lewe, van sy bestaan en van sy opvoeding lê; dit kan Cassirer nie erken nie.

Die finale doelstelling (behalwe laasgenoemde hierbo) van die opvoeding sal ons soos volg wil stel: Die finale doel van die opvoeding is die vorming van die kind tot mondige persoonlikheid (waarby ingesluit is eenheid as persoon) sodat hy sy godgegewe roeping vry en verantwoordelik en met waardigheid kan vervul.

3. Die opvoedeling. Volgens Cassirer se mensbeskouing is ook die opvoedeling geen dier nie, maar 'n wese wat algaande moet leer om simbole te vorm. Hy moet op die wyse gelei word op die weg na progressiewe selfbevryding. Hierdie siening is van wesensbelang vir sy hele opvoedkundige denke. Dat dit bepalend is vir al die aspekte van die opvoeding het ons alreeds aangetoon of sal ons nog aantoon.

Vir ons is die kind 'n skepsel van God wat in sy onselfstandigheid roep na opvoeding. Die opvoeding moet die kind op elke stadium van sy opvoeding deeglik in ag neem en die kind word opgevoed nie slegs met die oog op wat hy gaan word nie, maar ook op wat hy op die oomblik is.

Dit volg uit Cassirer se mensbeskouing dat hy die opvoeder en die opvoedeling in 'n besondere verhouding sal sien. Die opvoeder wat reeds in 'n mate 'n toestand van selfbevryding bereik het, sal vanuit hierdie toestand in staat wees om die opvoedeling op dieselfde pad te help, en die opvoeding sal 'n simboleopvoeding wees sodat die kind langs daardie weg selfbevrydend kan ontwikkel. Die opvoeder gee ook deur middel van die opvoeding sin en betekenis aan sy wêreld terwyl die opvoedeling die sin en betekenis in die opvoeding verwerf. Die ontwikkeling sal dan wees van die sin en betekenis aanneem na die sin en betekenis gee.

Ons sien hierdie driedeling van opvoeder, opvoeding en opvoedeling anders. Die opvoeder as mondige persoon, het die taak en die roeping om deur middel van vorming (onderrig, gewoontevorming, karaktervorming, ens.) die onmondige tot mondigheid te help ontwikkel. Hiertoe is die opvoeder met gesag beklee. Die opvoeding is 'n vormingsproses en die opvoedeling roep weens sy onmondigheid tot opvoeding wat moontlik gemaak word omdat hy as onmondige onder die gesag van die mondige geplaas word. Die opvoeding is dus baie meer as simboleopvoeding en die opvoedeling baie meer as 'n sin- en ordesoekende wese.

4. Die inhoud. Onder die baie middele wat in die liggaamlike en geestelike versorging van die kind gebruik word, neem die inhoud of leerstof 'n baie belangrike plek in. Omdat daar egter so 'n magdom van moontlike leerstof is moet daar keuring plaasvind en hierdie keuring word bepaal deur die opvoeder se lewens- en wêreldbeskouing.

Uit Cassirer se simboolbeskouing kan ons aflei dat die leerstof sodanig moet wees dat die kind daarin ook inhoud vir sy simbole kan kry.

135./ Sodoende word hy ....

Sodoende word hy in staat gestel om orde en betekenis in sy wêreld funksioneel te skep. Met die ontwikkeling van die kind sal hierdie simbole ook verander en al hoe minder afhanklik word van die sintuiglike. Dit impliseer dat daar 'n noukeurige gradering van die leerstof sal moet wees. Hierdie gradering sal enersyds deur die leerstof self bepaal word en andersyds deur die ontwikkeling van die kind, dit wil sê hoe ver hy gevorder het in sy "ideation" en selfbevryding.

Dat die leerstof by die behoeftes van die kind op sy bepaalde ontwikkelingstadium moet aanpas, wil ons graag onderskryf. Waarin ons egter verskil is in ons beskouing oor die aard van die behoeftes. Die kind is op 'n bepaalde stadium nie net wordende nie maar ook synde. Die leerstof moet dus nie net in oog hou wat hy gaan of moet word nie, maar ook wat hy is. Die behoeftes van die oomblik is baie meer as net om "meaning" aan sy wêreld te gee. Die gevaar is by Cassirer dat hy met sy vergesigte die onmiddelike uit die oog verloor. Sy progressivistiese siening lê, soos ons dit sien, te veel klem op die teleologiese en te min op die kousale in die gradering van die leerstof.

Omdat Cassirer 'n eenheid in die kultuur sien kan ons aflei dat hy ook 'n eenheid in die leerstof sal eis. Dit sal vereis dat daar 'n noukeurige korrelasie van leerstof moet wees, want net soos die kultuur die geskiedenis van die mensdom se progressiewe selfbevryding is, moet die leerstof ook die geskiedenis wees van die progressiewe selfbevryding van die kind.

Die band wat die leerstof tot eenheid saambind is volgens ons siening nie in hierdie "ideation" en selfbevryding geleë nie, maar is enersyds deel van die wesenlike eenheid wat in alle dinge ingeskape is en andersyds is dit gebind tot eenheid deur die kind se belange en behoeftes sowel as die onmiddelike, algemene en uiteindelike doelstellings.

Watter leerstof Cassirer die belangrikste sou beskou kan ons aflei van sy ontleding van die menslike kultuur in die verskillende kultuursektore. Die leerstof sal om die volgende - laat ons dit maar vakke noem-gegroepeer wees, naamlik godsdiens, taal, kuns, geskiedenis en wetenskap. As ons in gedagte hou dat Cassirer se mensbeskouing op die beginsels van selfbevryding en "ideation" gebou is, kan hierdie keuse verstaan word. Hy dui ook in die ontleding van sy verskillende sektore aan hoedat dit plaasvind. Ons kan ook hiervan verder aflei dat Cassirer baie meer die klem op die kulturele opvoeding as op die tegniese en beroepsopvoeding sal laat val. Trouens, die tegniese en die beroepsaspek van die menslike kultuur kry nie in sy kultuurontleding sy regmatige plek nie.

Ons wil die belangrikheid van die genoemde vakke in die opvoeding erken sowel as die bydrae wat hulle kan lewer tot die kulturele opvoeding. Hierdie vakke omsluit nie die hele menslike kultuur nie en daar is ander wat net so 'n belangrike plek in die opvoeding moet inneem veral as ons die samelewing se eise in ag neem. Cassirer se hele kultuursiening is te

englen is te veel op die individu gemik.

5. Die metode. Metode is 'n wyse van doen en moet die weg aanwys wat die handeling moet volg van die moontlikheid na die doelstelling. Die metode moet dus by die uitgangspunt (moontlikhied) aansluit en dit word bepaal deur die doel wat nagestreef word. Opvoedkundig gesien beteken dit dat die opvoeding moet uitgaan van die opvoedbaarheid van die kind in 'n bepaalde omgewing. Dit moet die weg aandui hoedat hierdie opvoedbaarheid werklikheid kan word in die verwesenliking van die opvoedingsdoel. Opvoedkundige metode beteken 'n sistematiese, ekonomiese en doelgerigte wyse van doen in die beheer van die omgewing en van die aktiwiteite van die kind. Daarom vereis dit 'n deeglike kennis van die opvoedeling wat betref sy aanleg, sy vermoëns, ja die hele aard van die kinderpersoonlikheid, want geen aanleg kan deur opvoeding by die kind ontwikkel word wat nie reeds in potensie in hom teenwoordig is nie. Opvoedkundige metode vereis kennis van die omgewing van die kind en die beheerbaarheid daarvan. Opvoedkundige metode vereis ook duidelikheid van doelstelling want dit is nie die metode wat die doel bepaal nie maar andersom.

Omdat daar so 'n groot verskeidenheid opvoedkundige doelstellings is, so 'n groot verskeidenheid in die kinderaard en so 'n groot verskeidenheid in die opvoedingsomstandighede, sal daar ook 'n groot verskeidenheid van opvoedkundige metodes wees. Net soos daar in die opvoedkundige doelstellings en in die leerstof 'n eenheid is, moet daar ook 'n soortgelyke eenheid in die metode wees.

Soos ons van Cassirer se mensbeskouing kan aflei, sal ons prinsipieel van hom verskil nie net wat doelstelling en uitgangspunt betref nie, maar ook wat metode betref, alhoewel daar prakties baie ooreenstemming mag wees. Ons kan hierdie stelling deur enkele voorbeelde verduidelik.

Dit vloei uit Cassirer se beskouing voort dat hy die eenheid van die metode sal vind in die simbolies-funksionele handeling van beide die opvoeder en die opvoedeling. Vir ons lê die eenheid van metode daarin dat die opvoeder in die opvoedeling 'n onselfstandige skepsel van God sien en dat hy vir sy opvoeding aan God rekenskap sal moet gee. Hierdie religieuse verpligting sal eenheid van metodiese optrede verseker.

Ons kan uit Cassirer se mensbeskouing aflei dat hy 'n aktiewe deelname van die opvoedeling aan die opvoedingsproses sal vereis en beklemtoon. As die kind die sin en orde van die werklikheid net van buite af ontvang kan dit nooit vir hom sin en orde word nie, want die sin en orde lê juis daàrin dat dit 'n skepping van sy eie gees moet wees. As die kind die leerstof verstaan sal dit vir Cassirer beteken dat die kind funksioneel dieselfde simbole daarstel as wat vir hom aangebied word. Die metode moet dus die proses van skepping vergemaklik en verhoed dat dit in blinde gange beland. In sy algemeen-menslike aanleg sal die kind maklik die proses kan herhaal wat reeds deur ander mense voor hom deur-

137./ loop is. ......

loop is.

Ons vereis ook die aktiewe deelname van die opvoedeling aan die opvoedingsproses want dit is teen die aard van die kind om passief te wees. In sy aktiewe deelname aan die opvoedingsproses word die kind tot heerskappy opgevoed. Mondigheid waartoe die kind opgevoed word is ook nie 'n passiewe toestand van aanvaarding van omstandighede nie, maar 'n aktiewe deelname aan die omgewing en omgewingsomstandighede. Die verwesenliking van die potensialiteite van die kind kan alleen tot sy reg kom in die aktiwiteite van die kind. In die laaste instansie sal 'n opvoeding waarin die kind passief is nie veel verskil van afrigting en dressering nie.

Ons vereis dat die kind in die metode in direkte kontak met die waarheid en werklikheid gebring word want dit is alleen op hierdie wyse wat die waarheid en werklikheid geken kan word. Dit kan Cassirer nie doen nie want deur die simboliese funksie word die kontak met die werklikheid juis verbreek en hierdie feit sal van bepalende belang wees as hy 'n opvoedkundige metode sou moes daarstel.

6. Die dissipline en tug. In die dissipline en tug lê die waarborg dat die opvoedeling aan die opvoedingsproses sal deelneem. Onder dissipline verstaan ons die onderhewigstelling van die opvoedeling aan die gesag van die opvoeder, en onder tug die middele wat gebruik word om hierdie dissipline te bewaar. Die toepassing van dissipline en tug veronderstel nie noodwendig die toepassing van dwangmaatreëls nie alhoewel dit onder omstandighede nodig mag word. Alhoewel die opvoedeling onder die gesag van die opvoeder geplaas word beteken dit glad nie dat hy aan die arbitrêre grille van die opvoeder onderwerp moet word nie. Die dissipline en tug is deel van die hele opvoedingsproses en moet as sodanig benader word. Omdat die onvolwassene weens sy onvolwassenheid nie die opvoedingsdoel kan sien nie en ook nie daarop kan afstuur nie is die dissipline en tug 'n noodwendige aanvulling by sy onvolwassenheid sodat die doel verwesenlik kan word. Hoe nader die kind aan volwassenheid kom, hoe geringer en minder noodsaaklik is hierdie aanvulling. Die doel van die opvoeding ten opsigte van die dissipline en tug moet juis wees die uitskakeling daarvan soos deur die opvoeder toegepas. Die kind moet opgevoed word tot die vryheid van die volwassene. Om dit anders te stel kan ons sê dat die uitwendige tug en dissipline geleidelik vervang moet word deur selftug en selfdissipline. Dit is ook 'n maatstaf van volwassenheid.

Dat Cassirer hierdie siening van dissipline en tug sal onderskrywe spruit voort uit sy mensbeskouing. By wyse van illustrasie kan ons dit uit sy godsdiensbeskouing aantoon. Trouens, sy godsdiensbeskouing styg nooit verby die sedelike nie en die tug is innig verweef met die sedelike. In sy beskrywing van die godsdiensontwikkeling van die mens sien hy die hoogste vorm in aktiewe selfbepaling van die godsdienstige strewe. "They discovered in themselves a positive power ... of inspira-

138./ tion and ....

tion and aspiration. They turned passive obedience into an active religious feeling. ... They detect, on the other hand, a more profound sense of religious obligation that instead of being a restriction or compulsion is the expression of a new positive ideal of human freedom."[1] Wat van toepassing op die ontwikkeling van die mensdom is, sal ook van toepassing wees op die ontwikkeling van die kind. Die tug moet gemik wees op die wegdoen van "passive obedience" en van "restriction or compulsion" en die verwerwing van 'n "positive ideal of human freedom".

Waar ons egter van Cassirer verskil is dat die tug nie net op die selftug as sodanig gemik moet wees nie, maar dissipline en tug is nodig sodat die kind tot mondige persoonlikheid gevorm kan word. Selftug is noodsaaklik vir selfbeheersing en beheersing van die kosmos en dit is ook noodsaaklik as die kind tot diens van God en sy medemens gevorm moet word. Die oorsaak van die skending van die gesag van God en van die wat oor hom gestel is moet ons soek in die mens se sondeval. Die dissipline en tug is nodig sodat die sonde en kwaad in die kind bestry kan word en sodat hy kan leer om die kwaad in hom self te bestry. Hierdie twee kernwaarhede wat betrekking het op tug naamlik dat die mens weens die sondigheid teen die kwaad in homself en andere moet stry en dat alle gesag deur God verleen is, ken Cassirer nie.

7. Die organisasie. Dit word net terwille van die volledigheid genoem. Oor die noodwendigheid van organisasie vir enige opvoedkundige stelsel hoef ons ons nie uit te spreek nie - dit is vanselfsprekend. Om nou uit Cassirer se mensbeskouing gevolgtrekkings te maak van hoedat hierdie organisasie saamgestel moet word, sou baie kunsmatig en selfs ongeregverdig wees. Al wat ons geregverdig is om te stel is dat, volgens die implikasies van Cassirer se mensbeskouing vir die opvoedkunde, die organisasie sodanig beplan moet wees dat dit voorsiening sal maak vir die volwassewording van die kind op sodanige wyse dat hy transendentaal tot kennis van die werklikheid kan kom en simboolskeppend homself in die verskillende kultuursektore kan bevry. Dit sê nie veel nie, want elke opvoedkundige stelsel sal eis dat die organisasie voorsiening moet maak vir die verwesenliking van sy opvoedkundige strewe.

8. Opsomming. Uit Cassirer se mensbeskouing vloei onses insiens voort dat 'n definisie van opvoeding die volgende momente sal moet bevat: (i) Die klem sal moet val op die opvoedeling want dit is per slot van sake hy wat vir hom 'n eie wêreld met sin en betekenis, funksioneel en simboolskeppend daarstel. (ii) Om dieselfde rede sal hy aantoon dat die opvoedeling 'n aktiewe aandeel in die opvoeding moet hê. (iii) Die opvoedingsverhouding is tussen meer volwassenes en minder volwassenes. (iv) Opvoeding sal gesien moet word in die lig van toenemende selfbevryding en "ideation". (v) En dit alles met inagneming van ontwikkeling (genese).

139./ HOOFSTUK 20 SLOT